FALCON

MULCHERS

Falcon-mulchers is wentelsnyers met 'n unieke, volledig omhulde mulch-kamer met spesiale lemme wat die gras of snoeisels sny en hersny en dit dan weer op die grond uitgooi om 'n voghoudende deklaag te vorm wat die vrugbaarheid van die grond verbeter

Mulcher-reeks

Model	Sny-wydte (m)	Lemme	Ratkas	Gly koppelaar	Totale Massa (kg)	Afmetings Lengte / Wydte (mm)		Sny-hoogte Min/Maks (mm)
Falcon Side Discharge Mulcher								
F40/120SD	1.2	6	F40	STD	514	1500	1480	10/130
F80/150SD	1.5	6	F80	STD	612	1780	1905	10/130
F80/180SD	1.8	6	F80	STD	680	2020	2150	10/130
Falcon Fieldmulcher™								
F50/150FM	1.5	4	F50	STD	421	1700	1750	0/100
F50/180FM	1.8	4	F50	STD	580	2030	2070	0/100
F80/200FM	2.0	4	F80	STD	720	2250	2350	0/130

Die belangrikheid en voordele van 'n deklaag

Die grond behou vog beter, en gronderosie word tot 'n minimum beperk, deurdat die deklaag die effekte van winderosie drasties verminder en fel sonstrale blokkeer.

- 'n Deklaag belemmer onkruidgroei.
- Die grondtemperatuur word gestabiliseer, wat meebring dat plante teen die skade van drastiese temperatuurveranderinge beskerm word.
- Grondvrugbaarheid word verbeter namate die kombinasie van reën en tyd die plantmateriaal geleidelik afbreek en ryk minerale in die grond vrystel om plantwortels te voed.

Organiese stof is belangrik, want:

- Dit verskaf aan grondorganismes voedsel en energie wat noodsaaklik is vir vrugbare grond.
- Dit behou en ruil voedingselemente uit wat deur plante benut word.
- Namate grondorganismes organiese stof in eenvoudige organiese verbindings afbreek, word plantvoedingstowwe vir gebruik van die groeiende plante vrygestel.
- Dit beskik oor die vermoë om ongewenste pH-veranderinge teen te staan hoe meer humus daar teenwoordig is, hoe groter is die weerstandsvermoë.
- Namate dit afbreek, word matige sure in matige grond vrygestel. Deur chemiese reaksie stel hierdie sure groter hoeveelhede minerale aan plante beskikbaar.
- Hoe hoër die organiesestof-inhoud, hoe stabieler is die grondstruktuur, wat skade as gevolg van bewerking tot 'n minimum beperk.
- Korsvorming word verminder, en so ook die taaiheid van kleigrond, met gevolglike makliker grondbewerking.
- Dit kan groot hoeveelhede water hou, wat dit in sanderige grond noodsaaklik maak.
- Dit verbeter waterpenetrasie, belugting en dreinering.

FALCON-MULCHERS

F80/150SD Mulcher

Falcon Side Discharge Mulcher

Die Falcon Side Discharge Mulcher is die ideale implement om daardie ongewenste snoeisels in 'n organiese misstof in die vorm van 'n deklaag te omskep. Die masjien kap die materiaal fyn en gooi dit na die kant toe uit en terug onder die bome, wat skoon rye tussen die bome agterlaat. Hierdie proses verminder die behoefte aan kunsmis en spuite. Gebruike van die implement is nie net tot boorde beperk nie; die masjien kan ook vir algemene sny- en kapwerk gebruik word.

Side Discharge Geutdekplaat

Die Falcon Side Discharge Mulcher het 'n geut-dekplaat sodat die takke oor die plaat kan gly eerder as om die geut direk te tref en moontlik skade aan te rig. Die plaat kan, indien so verkies, verwyder word. Daar is ook 'n verstelling om die geut met 100 mm terug te trek en die masjien sodoende nouer te maak vir snywerk in smal boord- en wingerdrye sonder om skade aan die gewasse aan te rig. Die geut is verstelbaar, sodat materiaal op die vereiste afstand uitgegooi kan word.

F50/180 Fieldmulcher™

Falcon Fieldmulcher™

Die sleutel tot beter hergroei is 'n program van gereelde weidingbedekking met 'n Falcon Fieldmulcher™. Hierdie gespesialiseerde wentelsnyer sny die gras, kap dit baie fyn en strooi dit egalig oor die snywydte heen, wat vinnige hergroei bevorder. Die Fieldmulcher™ word ook gebruik om raaigras vir wintervoer te saai wanneer die groeitempo van kikoejoegras afgeneem het.

FALCON KONSTRUKSIE

Falcon-mulchers word vervaardig van topgehalte-staalplate wat op gepaste wyse met gestiksweiste hoek- en kanaalyster versterk is om verwringing en spanningsbreuke te verminder. 45°-plaatsteun-insetsels word gebruik om maksimumsterkte te verseker.

Die sypanele kan opgelig of laat sak word om die snyhoogte vir die gewenste afwerking te verstel. Hulle is vasgeheg met boute waarvan die koppe in seshoekige holtes versink is, sodat verstelling slegs een sleutel vereis. Die sypanele loop op staallopers.

Die topmas, wat aan die trekker se boarm gekoppel word, is op busse gemonteer en word met trekvastekettings aan die agterkant van die masjien vasgemaak. Hierdie beweeglike koppelstuk laat die snyer toe om die grondkontoere te volg. Die onderste koppelpunte van masjiene wat 1,5 m en wyer is, is die vurktipe, met los penne. Die kleiner masjiene se koppelpunte het vaste penne.

Veiligheidsflappe - Fieldmulcher™

Veiligheidsflappe - Side Discharge Mulcher

5-stap-skoonmaakproses

Spuitverf

Skermplate voor aan die masjien en staal- of rubberflappe agter bied beskerming teen vlieënde klippe en ander los materiaal.

Metaalbehandeling en Verfwerk

Alle Falcon-masjienonderdele ondergaan 'n vyftenk-suurbad-skoonmaak- en fosfaatbehandelingsproses. Die grondverflaag word dan aangebring deur algehele onderdompeling in 'n verftenk, wat verseker dat alle versteekte dele, holtes en ander ruimtes bereik word. Voordat die finale emaljekleurlaag aangebring word, word alle oop nate eers met 'n spesiale verseëlaar verseël om die toerusting teen vog te beskerm. Alle boute, kettings, kettingkoppelings en penne word geëlektroplateer om teen korrosie te beskerm.

Die Falcon-snymeganisme

Die Falcon Fieldmulcher™ is toegerus met lae-impak-lemskywe met vier lemme wat op spesiale trappiesboute swaai. Hierdie stelsel laat die lemme toe om 360 grade te swaai indien 'n obstruksie getref word. Alternatiewelik word die lemme, waar gespesifiseer, met spesiale lemboute aan verharde busse vasgebout.



Snymeganisme Fieldmulcher™

Snymeganisme Side Discharge Mulcher



Side Discharge Mulcher Spaanlem

Falcon Ratkas

Die Falcon Side Discharge Mulcher het ses swaardienslemme (12 mm) wat op 'n skyf gemonteer is: drie is snylemme en drie is mulchlemme, wat swaar werklaste en snoeisels van tot 70 mm-deursnee kan hanteer.

Die mulch-lemme kan vervang word met die unieke spaanlem, wat bestaan uit twee stukke staal wat hoogs slytasiebestand is en in die vorm van 'n roeispaan aan mekaar vasgeheg is, d.w.s. 'n dunner arm aan 'n reghoekige plaat. Vanweë die groter oppervlakte, krag en lemspoed druk die spaan die vogtige mulch deur die geut uit. Met 'n spaanlem kan hierdie werktuig dus ook gewasse soos lusern, gras en giersgras, wat uiters vogtig kan wees, suksesvol sny, fyn kap en uitgooi. Deur wisseling van die lemme na gelang van aanwending kan die Falcon Side Discharge Mulcher nou dwarsdeur die jaar gebruik word.

Dryfasse

Alle masjiene word voorsien saam met gepaste, ten volle beskutte kragaftakasse. Wringkragbeperkende glykoppelaars word voorsien waar dit gespesifiseer word. Opsionele vryloopkoppelaars kan voorsien word indien nodig.

Die Falcon-ratkas

Een van die suksesgeheime van die Falcon-wentelsnyers is dat die F50- en F80-reekse met Falcon se plaaslik-vervaardigde swaardiens- en ekstraswaardiens-ratkaste toegerus is.

Die Falcon-ratkas, wat volledig deur Falcon gebou word, het bewys dat dit in alle gebruiksomstandighede 'n lang, moeitevrye lewensduur het, omdat dit spesifiek ont-werp is om die buitengewone werkstoestande wat in Afrika aangetref word, te weerstaan én ook die groter krag van die nuwe-generasie-trekkers wat op die mark kom, te absorbeer. Die ratkas word vir twee jaar teen fabrieksfoute gewaarborg.

FALCON
werk vir jou!

Alle Falcon-toerusting word plaaslik in Howick vervaardig en is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees en uitstekende waarde vir geld te bied. Dit is stewig en sterk, en die eenvoudige ontwerp en min slytdele verseker dat instandhoudingskoste minimaal is. Vernuwing is 'n deurlopende strewe by Falcon en is gebaseer op klante se veranderende behoeftes. Voortreflike klantediens is ook deel van die Falcon-belofte. Ons toerusting is gebou om te hou en is in staat om Suid-Afrika se taai toestande die hoof te bied.

Produktgroepe & Produkte

Wentelsnyers
Ligte Diens
Medium Diens
Swaar Diens
Ekstra Swaar Diens

Hooimaaktoerusting
Haymakers®
Baalhanteringstoerusting
Falcon Uniloaders™

Strooiers
Misstrooiers
Kalkstrooiers

Groundbewerkingstoerusting
Rotavators (& Saadbed Vormers)
Ploeë

Grassnyers
Blowermowers™
Grassmulchers™
Rollersnyers
Rotagangs™

Mulchers
Fieldmulchers™
Side Discharge Mulchers

Ingevoerde Produkreeks
Falcon Agricultural Equipment versprei die volgende reeks ingevoerde produkte:
Wentelsnyers
Woods Batwing BW1800 4.5m
Woods Batwing BW3240 6m
Grassnyers
Votex-swaailemsnyer
Votex-reiksnyer
Strooiers
Amazone
Stokkiekappers
Votex-stokkiekapper

FALCON
werk vir jou!

Tel: 033 330 4764
Faks: 033 330 2120
E-pos: info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za